VERSLAG FINANSIES

NG GEMEENTE DANABAAI

29 APRIL 2019

Liewe Lidmaat

Met groot dank aan u as lidmaat van die NG Kerk , DANABAAI, word **eerstens** kortliks verslag gedoen oor die afgelope finansiële jaar,1 Maart 2018 tot 28 Februarie 2019.

Ons lidmate het met getrouheid, verantwoordelikheid en harde werk, pragtig gesorg dat finansies ingekom het sodat al die finansiële verpligtinge nagekom kon word. Opsommend word die volgende ongeouditeerde syfers verskaf.

Maandelikse- en Jaarlikse dankoffers ontvang het R850 080 beloop.

Bankoffers, plus Kersdag-offers, plus Gemeente-deuroffers, het die pragtige bedrag van R252 000 ingebring.

Dankbaarheidsmaand het R86 650 ingebring.

Basaar ((Kermis) en wykslyste het R116 080 ingebring.

Funksie het R7 794 ingebring.

Blokverkope het R40 810 ingebring.

Rente op beleggings het R47 000 ingebring. Hierdie rente is die afgelope jaar aangewend om te help dat alle verpligtinge nagekom kon word. Ons gemeente se beleggings kon dus nie groei nie.

Uit spaargeld (Kapitaal/Beleggings) is watertenks aangebring en opgerig.

GBO het sowat R109 632 uitbetaal. Die bedrag onaangewend van R13 607, word oorgedra na die boekjaar wat op 1 Maart 2019 begin.

Bedrae onaangewend en oorgedra na die nuwe boekjaar was vir Herberg Kinderhuis R11 435, en vir Barmhartigheid, R 10 938.

Sinodale Verpligting was R57 093 en plaaslike sending R19 488, ander Instansies R28 156, ander Getuienis-aksies, R 9 800, en Bybelverspreiding R5 003.

Die Boufonds staan op R69 781.

Weer eens, baie dankie aan u as lidmate.

Vir navrae en meer inligting mag u my per e-pos by agdw@vodamail.co.za en per selfoon by 082 809 7252 kontak. Aan einde Mei 2019 sal die goed- gekeurde finansiële state beskikbaar wees vir insae by die kerkkantoor.

VERSOEK AAN LIDMATE:

Gee asseblief terugvoering. Lewer asseblief insette en gee u gedagtes oor bestuur van die finansies en gee asseblief insette oor hoe finansies verbeter kan word. N.G. KERK DANABAAI Hierdie instelling is u as lidmate se instelling.. ons almal se instelling.. ons lidmate is die KERK en ons lidmate benodig mekaar se ondersteuning en saam-staan.

Tweedens: Wat word van ons as lidmate verwag vir die nuwe finansiële jaar 1 Maart 2019 tot 29 Februarie 2020. Die begroting opgestel is baseer op die syfers hierbo genoem, so naby aan ’n “Inkomste - baseerde”- begroting as moontlik, asook bykomend die volgende:

- ✧ Versoek aan lidmate om groot asseblief hul Dank- en Bankoffers met ±7% opwaarts aan te pas.
- ✧ Dankbaarheidsmaand (Maart-maand) se ekstra Dankoffers was R86 650. Tans staan Maart 2019 op ±R45 000. Kan ons asseblief hieraan aandag gee. Hierdie Dankbaarheidsmaand offers kan ook bekend wees as “Tiende-maand” offer, of soos in ons geval---- die offers in die plek van ’n tweede Kerkbasaar.
- ✧ Blokverkope , funksies, basaar, en aanbiedings (soos Franse-aand) en ander fondsinsameling pogings, moet asseblief nie swakker as die afgelope jaar wees nie.
- ✧ Die verwagte rente-opbrengs word ook beskou as inkomstebron vir die lopende uitgawes.
- ✧ Daar is nie voorsiening gemaak vir groter instandhouding van vaste bates nie.
- ✧ Geen voorsiening is in die begroting gemaak vir doelbewuste spaar of groei in die boufonds nie.

Lidmate, groot asseblief, kom ONS neem die verantwoordelikheid om hierdie instelling van ONS te laat groei want ONS is die KERK en ONS moet die verantwoordelikheid neem om die opdrag van Die Liewe Here hier uit te voer.

Derdens: Weer my versoek om terugvoering en insette en gedagtes.

Vierdens: Kan NG Kerk DANABAAI nie ’n begunstige word in lidmate se testamente nie?

Dink hieroor en oor wat Die Here van ons as gelowiges verwag ten opsigte van ons besittings.

Dankie vir u betrokkenheid, offers, dankoffers, donasies, en harde werk met fondsinsamelings die afgelope jaar tot 28 Februarie 2019

Dankie vir u voortgesette en nog beter betrokkenheid die jaar wat eindig 29 Februarie 2020.

Groete in Christus

Arend de Waal
Voorsitter Kommissie Finansies
Selfoon: 082 809 7252
E-Pos: agdw@vodamail.co.za